

**DIE EERSTE PREDIKANT VAN REDDERSBURG —
DS. JOHANNES BEIJER (1822—1876)**

Prof. B. Spoelstra



Die tweede predikant uit Nederland wat ds D Postma ter syde kom staan het, naamlik ds Johannes Beijer, het ongetwyfeld vir die Gereformeerde Kerke se kerkregtelike grondslag, die teologiese opleiding en sin vir plaaslike verantwoordelikheid betekenis gehad.

Johannes Beijer is op 26 Junie 1822 in De Visserstraat, Groningen, gebore. Hy was die oudste seun uit die huwelik van die skoenmakerskneg Johannes Beijer, met die diensmeisie, Trijntje Folkers. Sy grootvader, na wie hy vernoem is, was 'n straatmaker.

Hierdie gegewens uit die register van die "burgerlike stand" beklemtoon die wonderlike feit dat die Here in die protes van die Christelike Afgeskeie Gereformeerde Kerk van 1834 teen die Liberalisme van die 19de eeu mense gebruik het wat net soos die dissipels van Jesus nie tot die "aansienlikes" gereken kan word en gereken is nie. Juis hierdie mense was bereid en in staat om vir jare die vervolging, boetes, tronkstraf, inkwartiering van soldate en smaad van die Nederlandse staat en Hervormde staatskerk te verduur. Hulle liefde vir gereformeerde erfenis het hulle motiveer om met "verkramptheid" aan God se Woord in leer, diens en tug die wyses na die vlees, magtiges of edeles van hulle tyd met 'n eie identiteit te weerstaan (1 Kor. 1 : 26). Uit hierdie nederige geleedere het die Here ook vir Johannes Beijer geroep om "vooraanstaande" werk in sy kerk te doen.

Hy is net soos sy kollega Postma opgelei deur ds Tamme Foppes de Haan, 'n eertydse Hervormde predikant wat sy lot op Goeie Vry-

dag 1839 by die Afgeskeidenes ingewerp het. Beijer het ook onder-
rig van Postma ontvang. Hy is in 1849 tot die bediening toegelaat en
bedien in Nederland die kerke van Dokkum (1849), Heerenveen
(1852) en Leeuwarden (1852—1861). Te Leeuwarden interesseer
hy hom in besonder ook vir die onderwys.

Op 10 Januarie 1850 is hy te Zwolle getroud met Hendrieka
Louman, gebore 17 September 1826 as dogter van Gerrit Louman en
Hendriena van den Berg. Uit hulle huwelik is gebore Hendriena
(1851) Trijntje (1852)¹, Gerritje Aleida (1855) en Johannes (1857)².
Kort na 'n volgende bevalling met 'n vroeggestorwe dogtertjie, is sy
vrou op 3 Augustus 1860 te Leeuwarden oorlede. Hierdie gebeurtenis
het Beijer se lewe beslissend, positief en negatief, beïnvloed.

Ter wille van sy vrou het Beijer tevore 'n beroep na Transvaal
bedank. Na haar dood neem hy egter die beroep na die pasgestigte
Gereformeerde kerk en dorp Reddersburg aan.

Die wewenaar met sy vier kindertjies vertrek in Julie 1861 met
De Zaanstroom uit Nederland. Hulle word vergesel deur hulle agt-
en-dertigjarige diensmeisie, Breitske van der Heide, afkomstig van
Zwolle. Tussen haar en Beijer ontwikkel 'n verhouding wat, agterna
besien, die lewe en werk van Beijer in 'n tragiek verander het.

Tydens sy bevestiging en die eerste Sinode op Reddersburg het
Beijer versoek dat sy ou vriend, ds Postma, hulle op 22 Maart 1862
in die huwelik bevestig. Dit is egter opmerklik dat Beijer albei kin-
dertjies uit hierdie huwelik, eers 'n vroeggestorwe dogtertjie op 28
Desember 1862 en toe 'n seuntjie³ op 14 Maart 1864 na sy eerste
eggenote vermoen het. Dit is duidelik dat die nagedagtenis van sy
eerste vrou oorwegend was.

Hierdie tweede huwelik was nie gelukkig nie. Op 30 Oktober
1865 skryf Beijer reeds aan Postma dat sy vrou met 'n "slepende
kwaal" sukkel en dat toe sy na die Kaapkolonie tydens die Basoeto-
oorlog moes vlug, terwyl Beijer in Reddersburg noodleningswerk
gedoen het, haar teengeval het. Sy wou klaarblyklik uit Suid-Afrika
wegkom. Dit word in briewe altyd duideliker dat die gesin weens
die gesondheid van mev Beijer na Nederland sou reis en hulle moont-
lik daar sou kon hou. Die reis vind in 1869, kort voor die belangrike
vierde Sinode, plaas. Ondertussen het Beijer se skoonouers al in
Nederland rugbaar gemaak dat Beijer vir 'n ander beroep moet uit-
kyk as gevolg van die gesondheid van sy vrou. Tydens sy agt maande
verlof in Nederland neem hy 'n beroep na die klein gemeentletjie
van Alblasserdam aan. Hy is op 19 November 1869 daar bevestig
sonder dat hy formeel van Reddersburg losgemaak was.

Wanneer hy op 14 Mei 1870 aan vriende skrywe om agtergeblewe
sake op te ruim, meld hy sy en sy Kinders se verlange na Redders-
burg. Hy berus egter want "God se weg is anders . . . Wie weet, mis-
kien moet een van my seuntjies een dag my werk by u gaan voort
sit"².

Die Reddersburgers het hieruit moed gevat en hulle ou predikant
terug beroep. Aan die ander kant het sy kollegas hom graag in Ne-
derland sien bly en wou hulle sy terugkeer ten alle koste verhoed.

Beijer bedank egter die beroep op 21 Oktober 1870 omdat sy vrou “nie kan besluit om terug te keer nie, weens haar byblywende swakhede”.

Die notule van die kerkraad van Alblasserdam toon dat mev. Beijer die eienskappe mis wat ’n mens by die vrou van ’n bedienaar van die Woord sou verwag. Daar was spanning en rusies in die pastorie en teen Oktober 1872 moes die kerkraad hieraan aandag gee. Mev. Beijer het ds Beijer met gerugte in die gedrang gebring. Nadat die kerkraad die saak ondersoek het, het dit op drankmisbruik en kwaadpraterij by mev. Beijer saamgetrek.

Op 10 September 1873 het Beijer gewys op “die moeilike posisie van hierdie gemeente en my huisgesin, my sielesmart en aandoening, ja die kwyning van my liggaam daardeur en daaronder”. Hy het gevolglik sy emeritaat aangevra. Die kerkraad en klassis, wat die omstandighede geken het, het op ’n simpatieke wyse aan die versoek voldoen. Die Provinsiale Sinode het Beijer egter sy amp ontnem op grond van die “onchristelike lewenswandel van sy gesin” en sy onvermoë om as ouderling sy “eie huis” te regeer. Dit het Beijer beweeg om in 1874 met ’n boekie, “*Klaagtoon eens Verdrukten*”, teen hierdie handelinge te protesteer. Daarin het hy tereg aangevoer dat faktore uit Suid-Afrika die Provinsiale Sinode beïnvloed het. Daarmee het hy daarop gesinspeel dat ds Postma by kontakte in die Provinsiale Sinode invloed ten kwade uitgeoefen het.

Beijer is op 1 Maart 1876 as ’n werklose in Rotterdam oorlede. Sy vrou het hom binne enkele maande gevolg. Hy is in die Crooswijk begraaftplaas begrawe. Die graf is ondertussen opgeruim. ’n Mens kry die indruk dat sy kollegas in Suid-Afrika van sy huislike probleem onbewus was en Beijer se optrede in 1869 om ’n beroep in Nederland te aanvaar as blote opportunistiese vertolk het.

Die persoon van Beijer

Beijer was ’n vloeiende prediker met ’n helder swaar stem en ’n lewendige voordrag. Hy was ongetwyfeld populêr in sy gemeente. Sy gevoelvolle persoonlikheid verleen ’n mooi menslike kleur aan sy reisbeskrywings en briewe. Wanneer hy in 1863 vir ’n vierde maal die herderlose en met droogte geteisterde kerke in die Kaapkolonie moet gaan besoek, erken hy dat hy na Leeuwarden en die Vaderland verlang. Hy besweer egter die verlange en sê: “Ek gevoel my roeping”. Die volgende jaar merk ’n mens dat hy sê dat hy “te tob het met ’n swak liggaam” Foto’s gee die indruk dat hy lank, skraal en ondergewig kon wees. Sou toring die doring in sy vlees gewees het?

Iemand met Beijer se agtergrond kon maklik geneig wees om sy eie beuel ’n bietjie te blaas. Daarmee kon hy probeer kompenseer vir sy agtergrond. ’n Mens merk dat byvoorbeeld ook in ’n brief van 30 April 1867 aan die redakteur van *De Bazuin*. Hy roem oor homself as dosent. Dit verlei hom tot die insinuasie dat twee van sy studente in 1866 nie toegelaat is nie as gevolg van die jaloesie van sy kollega Postma. Wat hy nooit geweet het nie was dat *De Bazuin* die brief weer aan Postma gestuur het. Dit het Postma vervreem, sonder dat Postma en Beijer ooit volgens Matt. 18 gepraat het. Postma het

die brief op die Sinode van 1869 openbaar gemaak terwyl Beijer afwesig in Nederland was.

Daar is egter ook mooi voorbeelde waar Beijer homself verloën het. Hy bied op 26 Februarie 1864 aan om 'n moedelose Postma in Transvaal te gaan aflos en reël in dieselfde jaar 'n besoek vir Postma aan die Kaapkolonie met die oog op 'n beroep waardeur Postma die opleiding in die Kaapkolonie kon begin. Wanneer hyself as dosent beroep word, bedank hy omdat hy homself onbekwaam beskou. Hy sê: "Ik ben slechts eene hulp in de kerk". Hy het Postma hoër as homself geag.

Onsaglike bedieningsveld

Beijer het destyds as predikant van Reddersburg die hele Oranje Vrystaat bedien. Die meeste mense was rondom die huidige Reddersburg, Ventersburg, Fauresmith, Petrusburg en Bethulie saamgetrek. Daarbenewens was hy tot 1866 konsulent van Burgersdorp, Middelburg, Colesberg en die latere Aliwal-Noord en Philipstown. Gedurende sy dienstyd is die kerkgeboue van Middelburg en Colesberg wat vandag nog diens doen, voltooi.

In daardie dae moes die dominee die notule, doop- en lidmate-registers aanlê en byhou, katkisasie afrond, doopouers ontmoet, kerkraadsvergadering hou en soms vanaf Vrydag vier voorbereidingsdienste voor die nagmaal en doop bedien, belydenis van geloof afhandel en Maandag huwelike sluit. Daarna het hy afgereis na die volgende plek, waar alles weer herhaal word.

Beijer het destyds direk en indirek deur middel van invloedryke lidmate, die saak van laer-onderwys sterk by die Vrystaatse Volksraad bepleit.

Die Dordse Kerkorde 1862

Postma het sy eie kerkorde, 'n wysiging van die Dordse Sinode van 1619, opgestel. Dit is bekend dat Beijer op die eerste Sinode in 1862 voorgestel het dat die kerke die Dordse Kerkorde en nie Postma se Gewysigde Kerkorde nie as basis vir die kerkregering moet neem. Postma laat jare later blyk dat hy nie lekker gevoel het dat hulle Beijer se advies bo syne gevolg het nie. Op 24 Desember 1871 het Postma selfs aan sy eie gemeente geskryf dat hy met leedwese gemerk het dat hulle soms Beijer selfs bo hom geëer het, maar hy wou dit ootmoedig dra.

Kragtige apologet vir die afskeiding van 1859

Beijer was 'n ondernemende mens en bereid om militant te stry vir 'n saak waarin hy geglo het. Sy sterk verdediging vir die afskeiding van 1859 is grootliks verswyg. Uit sy pen het verskyn "*Journal gehouden van Nederland naar Zuid-Afrika in het jaar 1861.*" "*Journal gehouden van Port Elizabeth naar Reddersburg in het jaar 1861, alsmede de redenen der afscheiding van de Ned. Geref Kerk*", "*Journal gehouden van Reddersburg naar Rustenburg in het jaar 1863, benevens overzigt van de Gereformeerde en de Ned. Geref. Kerk in Zuid-Afrika.*"

Beijer het natuurlik geweet dat ds Postma se mededeling die

Christelik Gereformeerdes nie oortuig het dat die afskeiding in Suid-Afrika geregverdig was nie. Die titels van sy werke toon dat hy dadelik die Gereformeerdes en Postma wou verdedig. Hy het daarvoor nogal die handeling van die Ned. Geref. Sinodes gebruik. As tydgenootlike getuie is oor die kerklike gebeure van 1859 en as *Africana* is hierdie baie skaars werkies van onskatbare waarde. Dit is egter nie duidelik waarom 'n brief van Cachet op 20 Februarie 1869 aan Postma laat blyk dat hulle twee nie Beijer se boekies hoog aangeslaan het nie. Beijer se werke het ongetwyfeld bygedra om die afskeiding van 1859 in Suid-Afrika en Nederland duideliker te motiveer.

Beijer het hierdie werkies in 1866 herdruk en saamgebundel en bygevoeg "*Openlijke Verklaring of Redenen waarom velen zich hebben afgescheiden van de Ned. Geref. Kerk*". Wie hierdie bundel gelees het, sou nooit kon beweer het dat die afskeiding in 1859 net oor Gesange gegaan het nie. Hy het die Liberalisme as oorsaak vir die kerklike breuk in Suid-Afrika by die naam genoem. Hy het verder selfs boekies teen die Mormone (1863) en oor Lykverbranding (1874) geskryf. Hy was dus die eerste Gereformeerde predikant te lande wat die geskrewe woord met krag gebruik het.

Predikanteopleiding

Die Sinode van 1863 het aan di Postma en Beijer opgedra om elk aan eie huis volwasse, uitgesoekte maar ongeleerde Boere as predikante op te lei omdat daar nie meer predikante uit Nederland bekom kon word nie. Beijer het eerste die opdrag begin uitvoer.

Ons moet egter die idee en inisiatief by die kerke van die Kaapkolonie in 1864 om met predikante-opleiding daar te begin, aan Beijer toeskrywe al het dit nie dadelik gerealiseer nie. Postma is in 1864 na Burgersdorp genooi om oor die saak van opleiding te raadpleeg en onmiddellik daarna deur die kerke van die Kaapkolonie met feitlik gelykluidende beroepsbriewe beroep. Die Algemene Vergadering het op eie inisiatief toe ook vir Beijer beroep om saam met Postma in Burgersdorp predikante te lei. Hy het op 29 September 1864 bedank en op sy onbekwaamheid, die bedieningsnood wat so 'n konsentrasie van predikante met die oog op opleiding sou meebring en die nog onberekende koste daaraan verbonde, gewys. Hy juig nietemin die entoesiasme om met 'n eie opleiding te begin, toe. Hy sê dat wanneer daar meer predikante en kerke is die tyd ryp sal wees "om die hand aan die ploeg te slaan om 'n Teologiese Skool op te rig".

Nadat die eerste studente van Postma en Beijer as predikante toegelaat is kom hierdie plan van 1864 feitlik net so weer op die Sinode van 1866 na vore. In hierdie stadium het Postma van Rustenburg die beroep na Burgersdorp met die oog op opleiding, aange neem. Beijer is gevra om ondertussen sy paar studente se opleiding voort te sit. Op 20 November 1866 skryf hy entoesiasies na Nederland. Hy prys die beskeie begin aan as 'n bolwerk teen "bedekte liberalisme en half gereformeerde gees". Hy vra steun uit Nederland. Agterna beskou is dit jammer dat elke predikant nie liewer by sy huis sekere vakke doseer het en studente roteer het nie. Dit sou

'n gekonsolideerde opleiding, beter onderlinge begrip en minder persoonlike verskille veroorsaak het.

Beijer persona non grata 1867?

Wanneer Lion Cachet en N J R Swart, eertydse en geskoolde onderwysers uit Nederland, saam met Postma in die volgende jaar begin leiding gee, merk ons dat Beijer heeltemal uitgeskakel word. Tydens die beplanning van 'n Teologiese Skool voor die Sinode van 1869 skryf Cachet op 15 Februarie aan Postma: "In die gegewe omstandighede moet ek my verheug dat ds Beijer weggaan. As hy met ons nie wil saamwerk nie, is dit seker beter vir die kerk dat hy terugkeer". Ons weet vandag nie in watter opsig Cachet 'n gebrek aan samewerking aangevoel het nie. Wou Beijer met die persone van Cachet en Swart nie saamwerk nie? Het hy hulle nie heeltemal vertrou vanweë hulle agtergrond in Nederland? Het hy die plan om in 1869 die Skool op te rig as vroeggebore beskou? Was hy gekant teen die sendingoffensief wat op die Sinode 1869 geloods sou word? Was hy gekant teen die idee dat Cachet tweede dosent op Burgersdorp sou word? Was dit omdat Beijer nie op sterkte van die sogenaamde vrywillige beginsel sy salaris by die Vrystaatse Volksraad wou bedank nie? Ons kan net raai.

Ongelukkig het die persoonlike strominge onder die vier Nederlandsgebore dominees seer groeipyne vir die jong Afrikaanse kerke meegebring. Gedurende 1870 gooi Cachet en Postma met alle mag in Nederland wal om die terugkeer van Beijer te verhoed. Dit het vertroue in Postma en Cachet onder die Vrystaatse Gereformeerdes geskok en so bygedra tot die Bethulie-kerkskeuring in 1877.

Beijer het as predikant van Reddersburg gedurende die sewe jaar van sy bediening diep spore getrap in die uitgestrekte gebied van die Oranje Vrystaat en die Noordoostelike Kaapkolonie. Hy het hoofsaaklik die Gereformeerdes bedien wat uit die NG Kerk afgeskei het, terwyl Postma onder die Transvalers wat van die NH Kerk afgeskei het, gewerk het. In sy bediening het dikwels net 'n louter roepingsbesef sy liggaam en gees tot 'n diens en lewe gedwing wat baie anders as Nederland was en meer gevra as gegee het. In sy geheel bekyk lyk dit asof hy die argitek was wat ook die fundamente gegrawe het om die Teologiese opleiding juis op Burgersdorp in die gevestigde Kaapkolonie deur ds Postma te laat begin. Hy het probeer om 'n kragtige apologet vir die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika te wees. Ten spyte van sy sonde en tekortkominge kan daar na 125 jaar ook op Johannes Beijer teruggekyk word as 'n gawe van die Here aan die kerk van Reddersburg en die ander kerke in kerkverband in Suid-Afrika.

NOTAS:

1. Latere mev T. Rose, woonagtig in Johannesburg, vg. Die Almanak 1933.

2. Sy voogde bestem hom tot Hervormde predikant en hy bedien in 1898 — 1900 die Hervormde gemeentes in Zeerust en Standerton.
3. Hendrikus Louman, het volgens mev Rose predikant in die Christelike Gereformeerde Kerk geword.
4. Skrywer erken met dank afskrifte uit die kerkraadsnotule van Ablasserdam, gemaak deur wyle br T den Boer en genealogiese gegewens verkry uit die Nederlandse bevolkingsreg'ister deur bemiddelling van dr C J Verplanke, 's Gravendeel.